

AGRONOMIE

NAVORSINGSINLIGTING



P1518WBR

VRM: 115

Dae tot 50% blom:

45 tot 58

Fisiologies ryp:

122 tot 125

- Opwindende kort groeiseisoen wit kultivar geskik vir besproeiing.
- Beskik oor die VTP Mon89 geen.
- Enkelkoppig en presteer by relatief hoë plantpopulasies.
- Aangepas by alle grondtipes, 0.75, 0.91 rywydtes.
- Beste plantestand: 85 -90,000 plante per hektaar.
- Beste plantdatum: mid-November tot 25 Desember.



BELANGRIKE AGRONOMIESE EIENSKAPPE		SIEKTEVERDRAAGSAAMHEID	
▪ Staansvermoë		▪ Bruinroes	
▪ Opbrengspotensiaal		▪ Grysblaarvlek	
▪ Meerkoppigheid		▪ Noordelike blaarskroei	
▪ Kopplasing		▪ Stam- en wortelvrot	
▪ Droogte-verdraagsaamheid		▪ Kop- en pluimbrand	*
▪ Afdroging		▪ Fusarium kopvrot	*
▪ Produktiewe spruite		▪ Diplodia kopvrot	
▪ Staygreen		▪ Gibberella kopvrot	
▪ Aantal rye	±16		

Eienskapsgradering:

Goed



Gemiddeld



Swak



Siekteverdraagsaamheid:

Hoog



Gemiddeld



Laag




OPBRENGS

- In die figuur hieronder verteenwoordig die swart lyn die Kg/ha opbrengsverskil van P1518WBR (gelyk gestel aan nul) relatief tot ander kultivars.
- Dit is duidelik dat P1518WBR die nuwe VTP van P1517WYR nie sy gelyke teen oer Pioneer kultivars van dieselfde platvorm het nie.
- P1518WBR klop P1517W met 920 Kg/ha oor 12 lokaliteite. Dit is 'n merkwaardige verbetering op basis genetika.
- P1518WBR klop P1517WYR (Mon810) oortuigend met 280Kg/ha oor 12 lokaliteite. Nie net is daar opbrengsverbetering nie, maar ook 'n nuwe VTP weergawe wat beskerming teen mieliestronkboorder bied.
- Die kombinasie van uitstekende aangepaste genetika en nuwe tegnologie gaan verseker dat die P1517 platvorm die eerste keuse is in die wit besproeiingsmark.

AGRONOMIE

NAVORSINGSINLIGTING



AGRONOMIE

Location	Plant Population	Seedling Vigour	Standability	Ear Diameter (mm)	Ear Length (mm)	PE Ratio (%)
Hartswater	85 000	S	A	50	200	51
Magagong	85 000	S	A	52	193	58
Jacobsdal	85 000	S	A	53	200	55
Douglas	85 000	S	A	50	190	56
Average		S	A	51	196	55



Die tabel hierbo beskryf die agronomie van P1518WBR by vier lokaliteite.


Dit het sterk groeikragtige saalinge wat vinnig en eenvormig opkom. Plante is gemiddeld 2.38 meter lank met die koppe wat op 1.25 meter gedra word.

Koppe word op 55% van die plantlengte gedra. Hoewel die koppe relatief hoog gedra word, is goeie staanvermoë waargeneem.


Koplengte en diameter is aanvaarbaar.

Goeie opbrengste word verkry indien 80,000 tot 90,000 plante per hektaar gevestig word.

MEERJARIGE VERGELYKINGS



- In die figuur hierbo is dit duidelik dat P1518WBR bestaande Pioneer kultivars, soos P1517WR gemiddeld met 656 Kg/ha klop waar dit oor 7 lokaliteite vergelyk is. Dit dui op merkwaardige toevoeging tot basis - en toevlugsgenetika, veral omdat VTP(BR) tegnologie toegevoeg is.
- P1518WBR wen 86% van hierdie 7 lokaliteite wat op goeie stabiliteit dui.
- Dit maak die platvorm volledig en regtig die enigste alternatief.




- Die figuur hierbo toon dat P1518WBR die top presteerder is in die wit besproeiingsmark.
- Oor die 11 lokaliteite klop P1518WBR, P1477WR (PAN 3A 173R) met 'n noemenswaardige 355 Kg/ha.
- P1518WBR wen 64% van die 11 vergelykings wat op goeie stabiliteit dui.

AGRONOMIE

NAVORSINGSINLIGTING



PLASING VOLGENS OPBRENGSKAARTE



- Die proefpersele waar P1518WBR geplant en vergelyk is, word in die figuur hierbo aangedui. Dit toon die prestasie van P1518WBR volgens omgewing wat varieer van minder as 12.5 ton/ha tot meer as 16 ton/ha opbrengspotensiaal.
- Dit is duidelik dat P1518WBR in die Noord-Kaap, Vrystaat en groot gedeeltes van die Noord-Wes provinsie gemaklik opbrengste van meer as 14 ton/ha behaal.
- P1518WBR is die enigste kultivar in die groeiklas en kan met die grootste gemoedrus aanbeveel word by plantpopulasies van 85 tot 90,000 plante per hektaar onder vol besproeiing.
- In die Noord-Wes provinsie by minder hitte-eenhede is opbrengste gedokumenteer wat wissel tussen 12 en 15 ton /ha as gemiddeld. By sekere intensiewe bestuurstelsels is opbrengste van 18 ton/ha ook behaal.
- P1518WBR is 'n hoë inset kultivar wat intensief bestuur moet word en lewer uitstekende opbrengste met kwaliteit graan.



The foregoing is provided for informational use only. Please contact your Pioneer sales professional for information and suggestions specific to your operation. 2020 data are based on average of all comparisons made over 2020 locations through 2020. Multi-year and multi-location are better predictors of future performance. Do not use these or other data from a limited number of trials as a significant factor in product selection. Product responses are variable and subject to a variety of environmental, disease and pest pressures. Individual results may vary.



Pioneer Agronomy Sciences

™ & SM Trademarks and service marks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2020 Corteva.